

11 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Daniël 3:16-28 (1953/1983-vertaling)
Fokusgedeelte: Daniël 3:28

Lof aan God moet uit ons hart kom

Wie sou die Here nie prys nie as daar 'n wonder voor jou oë gebeur!

Voor die oë van koning Nebukadnesar van Babel het daar 'n wonder plaasgevind – God wat sy gelowiges bewaar. Teen alle menslike rede in, en teen alle natuurwette in, ruk Hy Sadrag, Mesag en Abednego uit die brandende vuuroond. Dit laat koning Nebukadnesar verwonderd staan. Hy verwonder hom aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego en daarom kan dit nie anders nie, hy breek in lof uit, lof aan God: *Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe.*

So berei God vir Homself lof (Ps. 8:3), selfs uit die mond van 'n heidense koning. Die lof berei Hy deur die drie vriende van Daniël. Drie jongmanne wat tussen 'n skare van afgodsaanbidders nie buig nie. Voorwaar 'n wonder dat daar mense is wat staan as ander rondom buig! Die wonder van die geloof! Besit u daardie geloofskrag dat die eer van God deur u bewerk word?

Nebukadnesar word deur die wonder daar geraak. Sy lippe kom in beweging. Tog was dit nie 'n belydenis uit sy hart uit nie. Hy bring eer aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego, maar God het nie vir hom die alleen-ware God geword nie. Sy lippe is in beweging, maar sy hande is stil. Daar staan hy by die groot, goue beeld. As dit vir hom waarlik om die God van dié drie gegaan het, sou hy met sy hande die beeld stukkies vir stukkies afgebreek het – tot die grond toe. Selfs 'n opdrag aan sy knegte ontbreek. Sy lippe en sy hande kom nie by mekaar uit nie, want sy lippe en sy hart het nie by mekaar uitgekom nie.

Daar is steeds mense wat praat oor wat God gedoen het, maar dikwels ontbreek die daad. Die ware gelowige leef met God deur aanbidding en dienswerk! Aanbidding uit die hart uit!

Sing: Psalm 40:4 (1936)

Ds LD (Lourens) Aucamp (Emeritus Cullinan)